Curriculum Vitae

Baie kort uiteensetting van sy lewe + werke



# BIOGRAFIESE AANTEKENINGE OOR ETIENNE LEROUX: ENKELE HOOGTEPUNTE

1922: Stephanus Petrus Daniël le Roux is op 13 Junie 1922 te Oudtshoorn gebore. Hy was die seun van die latere Minister van Landbou, S.P. le Roux, en peetkind van C.J. Langenhoven.

1928 - 1934: Hy ontvang sy laerskoolopleiding eers aan 'n nabygeleë plaasskool en daarna aan verskeie ander skole in die Kaap en die Vrystaat. Ten einde verdere skoolwisselings as gevolg van sy vader se politieke loopbaan te verhoed, is 'n goewernante later vir hom en sy twee susters aangestel. Danksy sy afgesonderde jeug het hy vroeg begin lees.

1935 - 1939: Gedurende sy hoërskoolopleiding aan Grey-Kollege in Bloemfontein skryf hy gereeld, onder andere vir die skool se jaarblad.

1939 - 1944: Leroux ontvang sy universiteitsopleiding (B.A. LL.B.) aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het geen letterkunde kursus gevolg nie, maar het sy opleiding in die regte as 'n goeie dissiplinering vir sy skryfwerk beskou en het bydraes vir *Die Stellenbosse Student* geskryf.

1945: Hy werk vir ongeveer 'n jaar by 'n prokureursaak in Bloemfontein.

1946: Hy gaan boer op Ja-Nee (by Koffiefontein in die Suidwes-Vrystaat), waar hy 'n uitgebreide gemengde boerdery gehad het: die teel van stamboekmerino's, die verbouing van saadmielies, later ook van tamaties en katoen.

1948: Hy trou met René Malherbe. Drie kinders is uit die huwelik gebore: twee dogters (Cheri en Helise) en 'n seun, Stephanus. René, wat as skilder bekendheid verwerf het, het die huis op Ja-Nee ontwerp.

1951: Sy eerste gepubliseerde verhaal, "Kaartjie vir oortreding", verskyn in Maart 1951 deur bemiddeling van Jan Greshoff in *Standpunte* (jg 5 no 3) onder die naam *Etienne*.

1954: Leroux bring ongeveer vyf maande saam met sy vrou in Europa (veral Parys, Frankryk) deur en leer Jan Rabie, André P. Brink en Bartho Smit daar ken.

1955: Sy debuutroman, *Die eerste lewe van Colet* verskyn. Dit word deur bemiddeling van Jan Greshoff in Nederland gedruk en in Kaapstad deur Culemborg gepubliseer. Leroux moes dit self borg. Met dié boek het hy die skryfnaam *Etienne* (Frans vir *Stephanus*) *Leroux* (d.w.s. volgens die spelling van sy Franse voorsate se van) aangeneem. Die roman het min belangstelling in Suid-Afrika gewek. ('n Hersiene uitgawe daarvan het eers in 1975 by HAUM verskyn.)

1957: Publiseer 'n skets in *Hollands Schrijvers-almanak*.

1958: *Hilaria* word deur Culemborg gepubliseer, maar wek ook relatief min belangstelling.

1959: *Die Mugu* word deur dieselfde uitgewer gepubliseer en belangstelling in Leroux se werk begin toeneem.

1960: Op 6 Mei hou Leroux 'n belangrike toeligtende lesing oor sy werk getiteld "Die mens, en veral die skrywer, op soek na die lewende mite" voor die Afrikaanse Studiekring van die Universiteit van Stellenbosch.



1962: *Sewe dae by die Silbersteins* word gepubliseer en Leroux maak 'n deurbraak.

1963: In November kom die onafhanklike tydskrif *Sestiger* tot stand en Leroux dien op die redaksie daarvan. (Aan die einde van die tweede jaar is die tydskrif egter gestaak.) Leroux het gedurende dié tyd as een van die voorste Sestigers midde in die stryd wat om hierdie vernuwingsbeweging gewoed het, gestaan en hy het vernuwing in praatjies en koerantonderhoude verdedig.

1964: *Een vir Azazel* word gepubliseer en ontvang die CNA-prys. Die Hertzogprys word op 27 Junie aan Leroux oorhandig vir *Sewe dae by die Silbersteins*. *Sewe dae* lok 'n hewige polemiek uit, veral na die toekenning van dié prestige prys. Al vier sinodes van die NG-Kerk spreek hulle teen die boek uit. Charles Eglington vertaal *Sewe dae* in Engels en dit word deur die CNA uitgegee. Dit was die eerste Sestiger werk wat oorsee uitgegee is, en vertalings in Frans, Nederlands en Noors het gevolg. In September 1964 lewer Leroux 'n lesing getiteld "Enkele probleme van die hedendaagse romanskrywer" by die UOVS. Dit is een van verskeie praatjies waarin hy die skrywer se posisie bespreek.

1966: Sy tweede trilogie word afgesluit met *Die derde oog*.

1967: Leroux se *18-44* word gepubliseer. Daarmee open hy sy derde trilogie. Outobiografiese elemente is ewe opvallend in hierdie trilogie as in die eerste romans.

1968: Leroux ontmoet Graham Greene tydens 'n oorsese werkvakansie van ses weke en toer saam met hom rond. (Dit is 'n volgende ontwikkeling in 'n vriendskap wat ontstaan het nadat Greene die vertaling van *Sewe dae* gelees het en sy waardering daarvoor per brief uitgespreek het - Greene het later al die Engelse vertalings van Leroux se werk gelees en

sy resensie oor *One for the Devil* het in *Life* verskyn.) Tydens hierdie reis het Leroux die opkoms van studentemag en -opstand waargeneem. Die eerste uitgawe van *Kol* verskyn in Augustus. Leroux was as medewerker daarby betrokke tot met die staking van publikasie in Desember 1969.

1969: *Isis Isis Isis* verskyn. Leroux se eerste huwelik word op 1 Mei na 21 jaar ontbind. Daar is sprake dat van sy werke verfilm sal word. ('n Kontrak is bv. wel vir die verfilming van *Sewe dae* gesluit. Die Amerikaanse filmbaas en skrywer, Morris West, het beplan om die draaiboek self te behartig. Regte is ook uitgeneem vir *Azazel* en Jules Dassin toon belangstelling in *Die derde oog*. 'n Insinking in die filmbedryf het egter veroorsaak dat die planne laat vaar is.

1970: Hy is op 14 November getroud met Elizabeth Joubert, bekende pianiste, vroeër lektrise in musiek aan die Vrystaatse Onderwyskollege, daarna amptelike begeleidster van SUKOVS. (Te Koffiefontein het sy musiek gegee aan Koffiefontein Hoërskool.)

1972: *Na'va* verskyn en vorm die sluitstuk van die drie siklusse. Drie van Leroux se romans, *Sewe dae by die Silbersteins*, *Een vir Azazel* en *Die derde oog* se Engelse vertalings verskyn gesamentlik by Penguin as *To a dubious salvation*. Dit is 'n besondere prestasie vir 'n Afrikaanse romanskrywer.

1973: Leroux lewer op 15 Februarie 'n lesing getiteld "Tegnieke, temas en toekomsplanne" tydens die Sestigerweek (Somerskool van die Universiteit van Kaapstad). Op 17 Oktober bied hy die N.P. Van Wyk Louw-gedenklesing by die RAU aan. Die titel van die lesing is "Wat beteken Vernuwing in die prosa vandag?". Graham Greene bring 'n ses weke lange besoek aan Suid-Afrika en Leroux vergesel hom op uitgebreide toere deur die land.



1975: Leroux woon die eerste beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde te Broederstroom as stigterslid by. (Hy het by herhaling in die bestuur gedien en elke jaar se beraad bygewoon.)

1976: *Magersfontein, O Magersfontein!* verskyn en ontketen 'n erger storm as dié rondom *Sewe dae*. Leroux ontvang die CNA-prys vir *Magersfontein*. Die redaksie van *Tydskrif vir Letterkunde* gedenk sy debuut met hul Mei-uitgawe van die tydskrif, waarin 'n vroeë, ongepubliseerde teks van hom, asook drie studies oor enkele van sy romans opgeneem is.

1977: Die Etienne Leroux-navorsingsprojek aan die UOVS word op 20 Oktober ingebruikgeneem. By die geleentheid lewer Leroux 'n toespraak getiteld "Die gevaarlike inhoud van die woord." *Magersfontein, O Magersfontein!* word in November verbied nadat slegs sowat 3 000 eksemplare verkoop is. Letterkundiges, skrywers en sommige lesers protesteer op 'n ongehoorde skaal. Leroux ervaar die verbod as 'n vernedering. Saam met ander skrywers bedank Leroux uit die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns uit protes teen die eksklusiewe blanke lidmaatskap daarvan.

1978: In April lewer hy die rede "Credo van 'n skrywer: 'n Toekomsblik: Die reg om te sê Nee!" by die Skrywersgilde se beraad te Maselspoort. Die Universiteit van Natal ken die graad D.Litt (honoris causa) op 6 Mei aan hom toe op grond van sy waardevolle bydrae tot die skeppende literatuur van die land.

1979: Ten spyte van die verbod op *Magersfontein* ontvang Leroux op 21 Junie die Hertzogprys. Dié toekenning lok weer eens openbare reaksie uit. Veral Aksie Morele Standaarde voer 'n georganiseerde veldtog teen die werk.

1980: Die appèl teen die Publikasieraad se vorige beslissing slaag en *Magersfontein* word vrygestel. Twee bundels, nl. *Tussengebied* en *Tussenspel* verskyn by Perskor. Eersgenoemde is 'n bundel beskouende stukke, lesings en tydskrifartikels, terwyl laasgenoemde uit vertellende stukke en kortverhale bestaan. Op 13 Oktober word Leroux saam met regter M.T. Steyn en ander met 'n eretoekenning vereer tydens die herdenking van Grey-Kollege se stigtingsdag 125 jaar tevore.

1981: Tydens die jaarberaad van die Afrikaanse Skrywersgilde te Gordonsbaai in April lewer Leroux die rede "Vervreemding tussen leser en skrywer" en op 16 Mei ontvang hy die Perskorprys vir *Tussengebied*. In dieselfde jaar koop hy 'n huis op Onrusrivier, naby dié van Jan Rabie.

1982: Sy sestigste verjaarsdag is met huldebetuigings in talle dagblaaie gevier. Letterkundiges noem hom daarin onomwonde die grootste prosaïs wat Afrikaans nog opgelewer het. Twee huldigingsbundels, 'n Festschrift, *Beeld van waarheid*, en versamelde besprekings, *Die oog van die son*, word tydens 'n funksie deur Human & Rousseau in Kaapstad deur die opstellers (A.P. Grové en Charles Malan) aan hom oorhandig. *Onse Hymie* verskyn. Dit kry 'n negatiewe ontvangs van kritici soos André P. Brink en J.C. Kannemeyer, terwyl ander positief daaroor is - J.P. Smuts noem dit byvoorbeeld Leroux se grootste roman.

1983: Leroux ontvang ere-lidmaatskap van die Afrikaanse Skrywerskring. Die *Bronnegids: Etienne Leroux* verskyn en wek wye belangstelling. Hierdie geannoteerde bronnegids is die eerste van sy soort in Afrikaans en is bewys van die groot korpus navorsing wat reeds oor Leroux se werk voltooi is. (Meer as veertig verhandelinge of proefskrifte oor sy werk is byvoorbeeld reeds teen dié stadium voltooi of geregistreer.)



1984: *Onse Hymie* word toenemend gesien as voorloper van 'n nuwe beweging in die Afrikaanse letterkunde. "Op soek na die self", 'n dokumentêre program oor Leroux, word gebeeldsend en vind wye byval.

1985: Die tweede siklus word gebundel en onder die titel *Die Silberstein-trilogie* uitgegee. "Op soek na die self" word deur die Stellenbosch Boerewynmakery bekroon as die beste skeppende joernistiek in 1984. Leroux ontvang opdrag van die Hugenote Feeskomitee om 'n opdragwerk te skryf vir die Hugenote Feesjaar (1988). Hierdie werk is nooit voltooi nie.

1986: Leroux se eerste drie romans verskyn gesamentlik as *Die eerste siklus*.

1987: Leroux se vyf en sestigste verjaardag word herdenk met 'n seminaardag aan die UOVS. By die geleentheid word 'n huldigingsbundel met opstelle, getiteld *Vanweë die onbewuste* deur HAUM-Literêr aan hom oorhandig. Beide die UOVS en die Universiteit van Stellenbosch ken in hierdie jaar aan hom 'n eredoktersgraad toe.

1989: Op 30 Desember 1989 sterf Etienne Leroux in Bloemfontein aan longkanker na 'n kort siekbed.

1990: Stephanus Daniël Petrus le Roux word om 15:00 op 3 Januarie 1990 uit die NG Kerk op Koffiefontein begrawe. Hy is te Wamakersdrift, waar sy ouers ook begrawe is, te ruste gelê. 'n Dokumentêre program getiteld "'n Man soos Stephen" word gebeeldsend. *Magersfontein, die dokumente* (geredigeer deur Koos Human), asook 'n faksimilee-uitgawe van Leroux se onvoltooide roman *Die suiwerste Hugenoot is Jan Schoeman* word deur Human & Rousseau uitgegee.